Rietvallei

Kampnuus

# AFSAAL

18 tot 20 Oktober 2024 – Streeksaamtrek

Oktober kamp was een van ons nuwe oorde. Dit was 'n naby kamp geleeë in Dinokeng. Na die snelweg is dit 'n besige 4 km deur 'n woonbuurt met redelike groot verkeershobbels plek plek. Daarna deur die Dinokeng toegangshek en nie vêr daarna (net 3 verkeershobbels) draai ons af op 'n 1 km mooi grondpad tot by Afsaal. Daar was maar min Rietvalleiers wat gaan kamp het, 'n totaal van 7 woorwaens.

Teen Vrydag ongeveer 14:00 het die laaste karavaan opgedaag. Na 'n bietjie onderhandeling met die eienaar, kon ons toe almal redelik naby mekaar staan. Vrydagaand het begin met boekevat en daarna 'n heerlike Jan Braai Boereworsrol met tamatie-rissiemoor. Die stuk boerewors (200g) wat vêr weerskante die broodjie oorgehang het, het almal verrras. Daarna is daar lekker om die vuur gekuier.

Die Saterdag oggend was dit sommer van vroeg af lekker warm en het die temperatuur gaan draai by 37°C. Die res van die Saterdag was 'n rustige kuierdag. Almal het maar hul eie ding gedoen. Teen 17:00 het ons weer by Gideon se wa (meeste skaduwee) bymekaar gekom vir iets om te drink met 'n paar lekker eetgoedtjies. Dit was vir Frans se verjaarsdag. Later die aand het die hele groep weer lekker gebraai en gekuier tot laat aand. Omdat ons naby aan die omheining gestaan het kon die wild maklik gesien word.

Die Sondag was 'n rusdag. Boekevat was gelei deur Frans. Die tema van wat wag in 2024 is weer aangespreek. Na afloop van die diens is die afsluiting afgehandel. Daarna het ons lekker gekuier by die lapa, met 'n poedingtafel wat goed afgegaan het in die hitte.

So het ons nuwe oord kamp vir 2024 tot einde gekom en almal het huiswaarts gekeer.

So is 'n uiters suksesvolle naweek afgesluit. Van die kamp koördineerders, aan almal wat die naweek saam kom kamp het, en aan al die aktiwiteite deelgeneem het, 'n hartlike dankie. Dit was 'n besonderse mooi kamp en die eienaar (soms moeilik) het werklik baie moeite gedoen om baie mooi geriewe te bou.

Tot 'n volgende keer.

SAWA-groete.

*Frans en Stefanie*



## Saterdagoggend by Afsaal



*Sieg: "Besin eer jy begin."*



*Hennie en Anne-Marie organiseer*



*Stefanie Scholtz oppad om 363 jafels te bou.*



*Afsaal omgewing*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
en
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

*Advertensie*


## Boekevat Sondag





*Bertus bedank die Scholtze.*



*Lekker verjaar, Frans!*



*Anne-Marie het op 4 Oktober verjaar.*

## Rustigheid voor die oppak



*Van Annatjie tot by Dalena kuier hulle.*



*Waaroor dit gaan.*



*Stefanie geselsende…*




*Te ete én te drinke….  Was nogal warm!*




*Wilna, André, Sieg, Annatjie, Tinus en Tersia ontspan.*

En hierna?

Skoonmaak, oppak en wegpak.

Afslaan, toevou en vasmaak, want niemand het hierdie keer agtergebly.

Baie dankie aan elkeen wat hierdie saamtrek 'n sukses gemaak het, van die koördineerders tot die vuurmakers en die skottelgoedwassers.

Veral vir Frans en Stefanie wat, bo en behalwe die koördineerder-dinge, ook nog Saterdag by hulle kerk die jafeltafel bedryf het en sommer (net) 363 jafels gebou en verkoop het; boonop het Frans Saterdag verjaar.
Dit wil gedoen wees!

Hartlik dank!




Volgende saamtrek by Weavers Roost,
Van 15 tot 17 November,
wat die jaareindfunksie insluit.

Onthou om Bertus teen 25 Oktober te laat weet wat julle planne is, want hy moet reëlings met die oord tref, veral as almal wil saamgaan(!)